# *Lees met Kwakie, 'n* tablet-gebaseerde geletterdheidsprogram vir skool-beginners

*Lees met Kwakie*, ontwikkel deur Leap to Know (Pty) Ltd, is 'n toepassing wat op alle Android toestelle afgelaai kan word. Dit laai eenmaal af en het dan nie verdere internet-konneksie nodig nie. Besoek ons webtuiste by [www.leaptoknow.com](http://www.leaptoknow.com) vir 'n skakel na die app. Die program het agt fokuspunte:

**1. Stories**

- Die program bevat 18 pragtig geïllustreerde stories.
- Tekste bestaan uit kort woorde.
- 'n Bekende & verstaanbare konteks vorm die ruggraat van elke storie.

**2. Letter-klanke**

- Al om die ander storie stel 'n letter-klank bekend.
- Klanke word gedemonstreer m.b.v lip-sinkronisering.
- Leerders speel en maak musiek met letter-klanke.

**3. Visuele persepsie**

- Herhaaldelike patroon-bou vestig vorm- en letter-herkenning – die begin van lees.
- Gereëlde skuif van links na regs – soos om Kwakie na 'n volgende blaar te skuif – oefen korrekte oogbeweging.
- Leerders leer geleidelik om ook letters te onderskei.

**4. Woordeskat**

- Begrippe soos soos *bo, onder, tussen, links, regs, eers, meer, minder, grootste, laaste, einde, middel, altesaam* ens. word goed ingeoefen.
- Leerders leer nuwe woorde en begrippe binne 'n bekende konteks.
- Leerders kyk na hulself op die skerm terwyl hulle dele van die gesig herken en naboots.

**5. Luister**

- Ouditiewe onderskeiding van klanke kry baie oefening.
- Leerders antwoord vrae wat luister-begrip inoefen.
- Leerders kry erkenning wanneer hulle korrek op instruksies reageer.
- Die program beweeg aan selfs wanneer foute gemaak word.
- Daar is veelvuldige kanse vir self-korrigeer en luister-vaardigehede verbeter.

**6. Lees**

- Tina begelei geleidelike herkenning van letters, woorde en sinne.
- Woord-bou aktiwiteite oefen die herkenning van letter-volgorde.
- Uiteindelik kan leerders 'n hele storie self lees!

**7. Skryf**

- Videos en skerm-hulp demonstreer die skryf van letters en woorde.
- Leerders oefen self om op die skerm te skryf.
- Leerders kry selfvertroue om uiteindelik sonder hulp hul eie woorde te skryf.

**8. Getal-geletterdheid**

- Leerders luister na woordsomme kies die regte antwoord.
- Hulle bou getalpatrone en oefen om syfers en getalle te herken.
- Daar word baie getel!

© Leap to Know 2026

## Struktuur en inhoud van *Lees met Kwakie*:

**Daar is 5 bome...**

**Boom 1**

- Letter-klanke *t* en *a*, uiteindelik ook *aa*
- Letters *t, T, a, A*
- Syfers en woordsomme met 3 en 4
- Woorde *ta, at, tat, tata, taat*
- Hoof storie: *Ta ta, sê Tefo*
- Woordsomme en getalpatrone met 1-4
- Tel tot 10

**Boom 2**

- Letter-klanke *b* en *o*, uiteindelik ook *oo*
- Letters *b, B, o, O*
- Syfers en woordsomme met 5 en 6
- Woorde *bo, bot, boot, tot, ot* ens.
- Hoof storie: *Bontie Bosluis en Ottie Ot*
- Woordsomme en getalpatrone met 1-6
- Tel tot 20

**Boom 3**

- Letter-klanke *n* en *e*, uiteindelik ook *ee*
- Letters n*, N, e, E*
- Syfers en woordsomme met 7 en 8
- Woorde *ne, en, nen, nee, een, net, ben, teen, bont* ens.
- Hoof stories: *Meer as net 'n nes* & *En en, sê Tefo*
- Woordsomme en getalpatrone met 1-8
- Tel tot 30

**Boom 4**

- Letter-klanke *s* en *i*, uiteindelik ook *ie*
- Letters s*, S, i, I*
- Syfers en woordsomme met 9 en 10
- Woorde *is, sit, sin, nis, ses, bes, nies, sien* ens.
- Hoof stories: *Sam, die sokker ster* en *Is is, sê Tefo*
- Woordsomme en getalpatrone met 1-10
- Tel tot 40

**Boom 5**

- Letter-klanke *l* (herhaling van *t, a, b, o, n, e, s, i*)
- Letters *l, L* (fokus op al die vorige hoofletters)
- Syfers en woordsomme met 9 en 10
- Woorde *la, al, lal, el, sal, bal, saal, las, les, los, lees* ens.
- Hoof stories: *Laat waai, sê Len* & *Sit, staan en lê*
- Woordsomme en getalpatrone met 1-10
- Tel tot 50.

Vir meer inligting, kontak ons by admin@leaptoknow.com of besoek ons by www.leaptoknow.com.




© Leap to Know 2026